

BOEKRESENSIES

W Vosloo, *Meér as net 'n storie*, NG Kerkboekhandel, Transvaal, Pretoria 1986, 270 pp. Prys R29,50.

A. 'N OORSIG VAN DIE INHOUD

Die inhoud van die boek is in vier afdelings, agtien hoofstukke en 181 paragrawe verdeel. Die bedoeling is om alle boeke van die Ou Testament 'kronologies' te dek, wat verklaar waarom die Psalms, Spreuke, Prediker en Hooglied reeds in hoofstuk 11 en Daniël, wat as 'die jongste boek in die Ou Testament' (bl 257) beskou word, eers in hoofstuk 18 behandel word.

Die vier afdelings is die volgende:

Deel I: Die wording van die volk;

Deel II: Die verenigde koninkryk;

Deel III: Die twee koninkryke; en

Deel IV: Die tempelgemeenskap.

In die voorwoord sê die skrywer dat hy die 'vertelleyne' van die Ou Testament in vier afgebakende fases, te wete 'die pre-monargiese tydperk, die verenigde ryk, die twee koninkryke en die ballingskap- en na-ballingskapydperk' volg. Alhoewel die outeur die klem op die verhalende dele wil laat val, poog hy om die nie-verhalende stof ook te behandel. Hy wil die moeilikheidsgraad geleidelik laat toeneem deur die wordingsgeskiedenis van die volk Israel as eenvoudige verhale in Deel I weer te gee, en in Deel II 'die literêre perspektief' en in Deel III 'die profetiese perspektief' en in Deel IV 'n verdieping van die historiese perspektief' by te werk. Dit beteken prakties dat hy die stof van die Ou Testament soos volg dek:

Hoofstuk 1 handel oor Genesis 1–11;

Hoofstuk 2 oor Genesis 12–25;

Hoofstuk 3 oor Genesis 25–50;

Hoofstuk 4 oor Eksodus 1 tot Numeri 10;

Hoofstuk 5 oor Numeri 10 tot Josua 24 en oor Deuteronomium; en

Hoofstuk 6 oor Rigters 1–21.

Afdeling II begin by hoofstuk 7 met Rut en 1 Samuel as inhoud;

Hoofstuk 8 behandel 1 Samuel 16 tot 2 Samuel 1;

Hoofstuk 9: 2 Samuel 2 tot 1 Konings 2;

Hoofstuk 10: 1 Konings 3–11(?);

Hoofstuk 11 gee 'n samevatting van Genesis tot Kronieke, Psalms, Spreuke, Prediker en Hooglied;

Afdeling III begin by hoofstuk 12 en gaan voort met die verhalende stof van 1 Konings 12 tot 2 Konings 1;

Hoofstuk 13 behandel 2 Konings 2–17, Amos en Hosea;

Hoofstuk 14 konsentreer op 1 Konings 14 tot 2 Konings 16, 2 Kronieke 11–28 en Jesaja 7–11;

Hoofstuk 15: 2 Konings 17–25, 2 Kronieke 29–36, Jesaja 1–39, Miga, Jona, Sefanja, Habakuk, Jeremia en Nahum.

Afdeling IV begin by hoofstuk 16 wat Jeremia 39—45, Obadja, Klaagliedere, Esegïel en Jesaja 40—66 behandel;
Hoofstuk 17: Haggai, Sagaria, Maleagi, Ester, Job, Esra en Nehemia;
Hoofstuk 18 sluit die boek af met Joël en Daniël;

’n Epiloog wil die kloof tussen die Ou en Nuwe Testament vernou.

B. BEOORDELING

1. Eers net ’n paar opvallende FORMELE SAKE:

a. Drukfoute en taal

Bl 6: as i.p.v. was; bl 65: geen i.p.v. geel; bl 225: Jesaja 56—66 i.p.v. 65—66. Was dit nie dat die hele opskrif van hoofstuk 10 bo-aan bl 108 uitgeval het nie, sou die skrywer hom gelukkig kon ag met so min foute.

Die woord ‘verheidening’ (oa op bl 133) val ongewoon op my (Kaapse) tong — al staan dit ook so in die Woordeboek — veral as ’n mens in aanmerking neem dat die werkwoord ‘verheidens’ is. Hoe klink ‘verheidensing’? Op bl 248 verskyn die naam ‘Seleusidus’ — ek reken dit moet seker ‘Seleukus’ wees.

b. Te klein druk

’n Bietjie groter lettertype sou lekkerder leesgemak ook aan senior ‘gewone’ en selfs ‘geleerde’ lesers verskaf het.

c. Vrae en antwoorde ’n bonus

Die vrae en antwoorde aan die begin en einde van elke hoofstuk verhoog beslis die waarde van die boek, maar of hulle altyd geskik en relevant vir alle groepe is, is ’n vraag wat seker deur verskillende mense verskillend ervaar en beantwoord sal word.

d. Registers ontbreek

Saak-, teks- en outeursregisters is ’n noodsaaklikheid vir ’n boek van dié omvang al sou dit ook die koste ’n rapsie opstoot.

2. Nou ’n aantal INHOUDELIKE SAKE:

a. Die gebruik van illustrasies

Myns insiens is sketse en diagramme essensieel indien hulle funksioneel aangewend word, wat beteken hulle moet kommunikasie aanhelp deur saam te vat, te illustreer en te konkretiseer. Die skrywer wou volgens die voorwoord op dié wyse begrip bevorder. My indruk is dat sommige sketse wel die eentonigheid verbreek maar nie funksioneel is nie. By ’n herdruk sal ’n kritiese kyk na die kommunikatiewe waarde van die visuele voorstellings nodig wees.

b. Is Josua die aspoestertjie?

Die boek Josua is beslis afgeskeep. Is dit omdat die verowering van die land vol voetangels

is? Die verowering van die beloofde land kom wel aan die bod maar word myns insiens ooreenvoelig (vgl bl 43 ev).

c. **Nog 'n afskeepkind**

'n Mens sou ten minste by die behandeling van Esegël, Sagaria en veral Daniël meer van die apokaliptiek wou hoor.

d. **Die swak skakels in die ketting**

Die skrywer stel dit wel duidelik dat die hoofklem op die 'vertellyn' van die Ou Testament lê, maar hy behandel darem tog alle boeke van die Ou Testament pertinent (behalwe Josua natuurlik!). Die behandeling van die poëtiese boeke soos onder andere die Psalmbundel, Klaagliedere en veral Hooglied laat veel te wense oor. Daar is myns insiens twee redes hiervoor: Eerstens, daar bestaan nie duidelikheid oor die kwessie van **genre** nie. Is prosa en poësie **genres** of wat? Die skrywer plaas immers ook 'n hoë premie op die **literêre vorm** van die boeke (kyk voorwoord). Tweedens, die magdom onlangse literatuur oor poëtiese stof is nie voldoende benut nie. Een voorbeeld: wat is die **funksie** van poësie in die boek Job (vgl oa bl 239–40)? Waarom is die hele boek behalwe die proloog en epiloog in poësie geskryf? Dra dit by tot die betekenis van die boek?

Die grootste voordeel van so 'n eenmanspoging is seker dat die skrywer sy eie uitgangspunte, aanpak en teologiese siening kan kies. Een van die nadele is dat sy eie beperkthede soos seer duime uitstaan. Die titel van die boek verraaai juis een van die mees basiese teologiese uitgangspunte van die skrywer: die gesag van die Ou Testament! Daaroor sou lang diskussies gevoer kan word veral as my vermoede reg is dat die titel bedoel is om 'n korreksie te wees om die intrede van 'n paar jaar gelede van 'n bekende Nuwe-Testamentikus hier te lande.

Ek is wel oortuig dat hierdie boek vir baie lesers nuwe insigte en veral 'n beter begrip van die Ou Testament sal bring. Dit is rede genoeg om dit van harte by studente, predikante en lidmate aan te beveel.

J J Burden

L Floor, *'n Lamp vir almal in die huis. Christelike leefreëls vir huwelike, gesin en samelewing*, NG Kerkboekhandel, Transvaal, Pretoria 1986, 80 pp. Prys R14,99.

“*'n Lamp vir die huis*” verwys na die sg “huistafels” waaruit die huisgesin leefreëls vir hul alledaagse optrede kan vind. Die huistafels word aan die hand van sewe hoofstukke bespreek. Daar word aandag gegee aan die plek van die huistafels in die Nuwe Testament, die eie karakter van die huistafels, die plek van die huistafels in die paranese, die “Huisstruktuur” in die huistafels, die Christologiese fundering van die huistafels en die betekenis van die huistafels vir vandag.

Die inhoud word “semi-populêr” aangebied (daar word bv nie onnodige lang verwysings na skrywers gemaak nie en wanneer tekste struktuuranalities weergegee word, word dit in Afrikaans gedoen). Dit is tog duidelik dat deeglike eksegeese die aanbieding onderlê. Wat veral prysenswaardig is, is die bewustelike poging om die huistafels te laat “spreek” ten spyte van die problematiek rakende die hermeneutiese hantering van die gedeeltes. Dit maak die boekie bruikbaar, nie alleen vir die predikant nie, maar ook vir die minder onderlegte leser.

Die skrywer gee ook aandag aan moontlike religieuse en/of filosofies-parallele gedeeltes wat Paulus of Petrus in hul aanbidding van die huistafels moontlik kon beïnvloed. Ongelukkig verwys hy net kortliks daarna sonder om werklik tot die sterk- en swakpunte asook die konsekwensies van die verskillende standpunte deur te dring. In die leser se gemoed bly dus onopgeloste vrae oor wat beslis konsekwensies het vir die hermeneutiese hantering van die stof later in die boek.

Oor die algemeen word die stof helder en baie leesbaar aangebied. Die leser kan die redenasiegang maklik volg. Die struktuuranalises word ongelukkig 'n bietjie slordig aangebied. Sake wat saam hoort word dikwels nie verbind nie, wat dit vir die leser moeilik maak om te volg. Daarbenewens doen die "chiasme" op bv bls 42 sigself gedwonge en selektief aan. So word dit in 'n sekere sin onbruikbaar. Let bv op die herhaaldelike voorkoms van "mans" en "vroue" deur die hele gedeelte. Waarom word nie liewer daarop klem gelê as die sg "chiasme" nie?

Ten spyte van sulke kleiner probleme moet die boek as goeie bydrae tot ons Suid-Afrikaanse teologiese literatuur gesien word. Die boek kan met vrymoedigheid aanbeveel word vir mense wat in die huistafels as sodanig belangstel, asook diegene wat meer wil weet van die Bybelse siening oor gesinsverhoudinge.

J G van der Watt

D Smit, *Christus is die Heer! Oordenkings en bybelstudie uit die Kolossensebrief*, Lux Verbi, Kaapstad 1986, 79 pp. Prys R7,30.

Die inhoud van die boekie het aanvanklik (in 1982) as 'n Pinksterreeks in "Die Ligdraer" verskyn. Vir publikasie is daar gepoog om die inhoud vir 'n wyer "gehoor" bruikbaar te maak — daar is bv kort notas vir predikers bygevoeg asook vrae aan die einde van elk van die 10 oordenkings wat "vir persoonlike oorpeinsing of groepsbespreking" bedoel is. Daar word ook gesuggereer dat die oordenkings as voorleespreke of oordenkings by bidure of wyksbyeenkomste kan dien. Inderdaad 'n boekie met wye gebruiksmoontlikhede!

Die aanbidding van die inhoud geskied aan die hand van 10 oordenkings oor verskillende gedeeltes uit Kolossense, hoewel Kolossense as geheel nie behandel word nie. Uit die staanspoor is dit duidelik dat die boekie nie 'n kommentaar oor Kolossense wil wees nie. Gedagtes word geselekteer uit sekere gedeeltes van die brief geneem en onder die oorkoepelende tema: "Christus is die Heer" (en dit verander mense — my byvoeging) behandel. Die skrywer probeer die 10 oordenkings in 'n logiese gang aanmekeer bind. Hy begin by die Christene se geloofsverbondenheid met God, hul toename in wysheid en hul verhouding tot die "magte". Daarna lê hy klem op die strewe na die dinge waar Christus is en illustreer dit aan die hand van vergifnis, liefde, verandering en sang.

Waarskynlik die grootste bate van die boekie is die praktiese eenvoud in aanbidding. Daar word deurentyd gepoog om die inhoud te konkretiseer en so by vandag se leser te probeer tuisbring. Die oordenkings wissel in lengte, maar selfs die langste een is nog kort genoeg vir bv 'n bybelstudie. Die gevaar om te veel te sê word goed onseil — in elke oordenking word by een of twee punte (stellings) gehou. Dit alles dra baie by tot die bevatlikheid en bruikbaarheid van die materiaal.

Daarbenewens is die boekie mooi versorg en lees dit maklik (net jammer die Bybelteks is 'n bietjie klein gedruk).

Sonder om aan die meriete van die boekie afbreuk te doen moet enkele punte van kritiek (miskien meer in die vorm van suggesties) tog genoem word.

1. Eksegese

- a. Hoewel die eksegese goed is, word soms beslissings gemaak wat nie eksegeties die

nodige begronding het nie. 'n Enkele voorbeeld of wat om dit te illustreer: Op bls 27 word 1:13 "as't ware die tema van die hele brief" genoem. Dit is 'n aanvegbare stelling, nie alleen omdat 'n tema moeilik versgewys in Kolossense aangedui kan word nie, maar ook omdat die vers struktureel en inhoudelik nie voldoen aan die vereistes vir 'n "tema" nie. 'n Ander tipe eksegetiese probleem hang saam met die selektiewe aard van die boekie. Die tweede oordenking handel oor wysheid. Dit is natuurlik die reg van die prediker om te selekteer, maar dan moet die seleksie so geskied dat dit nie die boodskap van die teks verskraal/skeeftrek nie. Dit bring my by punt 2 op bls 19 waar daar na die geestelike groei van die Christene en gemeentes gevra word. Geestelike groei sou dan deur Geestelike wysheid, kennis en insig kom. Eksegeties kan nie daar gestop word nie! Hoofstuk 1:9 is sintakties, stilisties en tematies nou met die daaropvolgende stellings verknoot. Daar word o.a. ook na die praktiese optrede van Christene verwys — iets wat ook deel vorm van geestelike groei. Al sou die skrywer dit nie spesifiek behandel nie, moes hy ten minste ter wille van die regte perspektief genoem het dat "wysheid" nie as die enigste komponent van geestelike groei in die gedeelte beskryf moet word nie.

b. Kolossense is inderdaad een van die "moeiliker" Pauliniese briewe. Veral rondom verwysings na sake soos die magte of die misterie (geheimenis) van God is die eksegeet van deeglike agtergrondstudie afhanklik. Die gevaar bestaan dat as daar nie deeglike agtergrondsinligting ingewin word rondom die begrippe nie, die eksegeet van parafrases en veralgemenings gebruik moet maak. Dit werk deur in die hermeneutiese toepassing, sodat die magte van Kolossense later enige mag word wat die mens bedreig. Dit is inderdaad ook die rigting waarin die skrywer beweeg (vgl bv bls 28). Dit lyk nie korrek nie, aangesien spesifieke karaktertrekke van die magte in Kolossense nie so 'n algemene toepassing regverdig nie. Elemente soos toewyding aan 'n religieuse sisteem wat in opposisie met die Evangelie van Christus staan, wat 'n sekere lewensingesteldheid en oorgeeueheid vereis, ens. kon nog meer aandag ontvang het.

c. Iets wat net genoem kan word is die gebruikmaking van ander Bybelgedeeltes in bv oordenkings 6, 7 en 8. Dit as sodanig is nie verkeerd nie. Dit is tog 'n vraag of daar nie ook hier meer aandag aan die eie aard van Kolossense gegee moes word in 'n boekie wat spesifieke oordenkings en Bybelstudie uit die **Kolossensebrief** bevat nie. Om bv net in die "inleiding" en "slot" van 'n oordenking na Kolossense te verwys in 'n boekie oor Kolossense is sekerlik 'n bietjie ongewoon. Liefde en vergifnis staan tog in Kolossense nie geïsoleerd nie en kon ewe goed vanuit eie konteks verklaar gewees het.

2. Vrae vir Bybelstudie. Hier sou ek alleen 'n paar suggesties wou maak.

a. Die boekie bied sig self ook aan as 'n Bybelstudie, wat as die materiaal van die boekie deurgestaan word, waarskynlik na die "vrae" aan die einde van elke oordeelings verwys. Vraag 1 is 'n standaardvraag by elke oordenking. In die vraagstelling: "Probeer kortliks saamvat wat hierdie **oordenking** wil tuisbring" (my klem) word die leser na die oordenking terugverwys. Sou dit nie raadsaam gewees het om die leser na die gedrukte Bybelteks by die oordenking te verwys wat dan in die lig van die oordenking heroorweeg kon word nie? Die gevaar is dat die indruk van "Bybelstudie" wat gelaat kan word, is dat dit nadenke oor iemand anders se gedagtes oor die Bybel word i.p.v. nadenke oor die Bybel m.b.v. "verligting" deur sekondêre bronne.

b. Frases soos "vind u dit (gedagtes/gewaarwordinge) nuut, verrassend, baie algemeen en vanselfsprekend, onwaar, betekenisvol of wat?", wat dikwels voorkom is kommunikatief oneffektief en soms kontraproduktief. Eenvoud wat tot 'n duidelike (liefs enkele)

keuse aanleiding gee is verkieslik wanneer meervoudige keuses vir Bybelstudievrae gegee word. In die geval van bg. frase kan “betekenisvol” bv by al die ander keuses gelees word; “verrassend” by “nuut” of “onwaar” of “betekenisvol”; “nuut” by almal behalwe “baie algemeen” ens. Die “of wat” veronderstel in ’n sekere sin ’n enkelvoudige ander keuse. Dit werk beslis ’n “deurmekaar” indruk aan die hand. ’n Groter presiesheid en skerpte in die formulering van sommige vrae sou die waarde van die boekie verhoog het.

c. Daar moet gewaak word teen nog ’n “oordenking” in die vrae self (bv vrae 3/4 op bls 23).

d. Teen “botsende” en oorvleuelende vrae moet gewaak word (bv vraag 4 op bls 39): “**Ervaar** u dié wete **self** as troosryk? Speel dit ’n **rol** in u **lewe**?” As die persoon iets ervaar speel dit tog ’n rol in sy lewe. In groepsbesprekings kan so ’n tipe vraag (vrae) kontraproduktief werk. Die vrae moet met **presiesheid** die leser lei.

3. Inleiding “vir die prediker”

Ongetwyfeld is dit van groot hulp om riglyne vir die prediker te gee. Dit help hom om sy gedagtes te rig en hom in sy eie oorpeinsing en voorbereiding te help. Juis daarom moet die inligting wat daar gegee word baie goed geweeg word. Dit is soms as ’n probleem ervaar dat die “Inleiding” in die boekie die prediker op die verkeerde spoor kan sit. Ek het bv reeds na die kwessies van die wysheid (alleen!) in oordenking twee verwys. ’n Ander voorbeeld is die geweldige klem op **vrees** in oordenking vier. Uit die aangehaalde Bybelteks kom die woord nie voor nie en speel in die res van die brief geen eksplisiete rol nie. Om dit tematies so sterk te stel is eksegeties gevaarlik.

Hoewel daar krities na die boekie gekyk is, moet nie daaruit afgelei word dat daar t.o.v. die meriete van die boekie negatief geoordeel word nie. Dit is juis omdat die meriete van die boekie (en soortgelyke publikasies) so hoog aangeslaan word dat enkele kritiese opmerkings gemaak is met die hoop dat iets van die opmerkings miskien ter oorweging geneem kan word in toekomstige publikasies van die aard. So kan ons mekaar saam help om aan die Koninkryk te bou.

Opsommend kan gesê word dat die boekie beslis die moeite werd is om te lees. Daar is baie materiaal tot nadenke wat so aangebied is dat dit in baie verskillende situasies bruikbaar is.

J G van der Watt

S Fowler, *The Word of God*, Institute for Reformational Studies Series F 2 no 33, Potchefstroom 1985, 48 pp. Prys R4,00.

Sonder vrees vir enige teëspraak kan gesê word: die Bybel staan sentraal in die kerklike en teologiese besinning. Die Woord is die “siel van die kerk” (Calvyn) en alle diens in die kerk is diens van die Woord (Heyns). In die verskillende teologiese modelle (vgl. die feministiese en die bevrydingsteologie) word daar ten diepste ’n beroep op die Bybel gemaak. Die beroep wat daar in die kerk en teologie op die Bybel gemaak word, is ’n voortgaande proses. Kerklike uitsprake ontkom nooit hulle toetsingseis nie. En teologiese teorieë, verklaar Van Huyssteen met reg, is nie dogmatiese, afgeslote standpunte nie, maar voorlopige, tastende ontwerpe.

Teen dié agtergrond is die bydrae van Fowler tot die gesprek oor die Woord van God te verwelkom. Ten einde sy bydrae te evalueer, word ’n oorsig oor sy studie gebied. Die oorsig word dan terselfdertyd krities geëvalueer.

In hoofstuk 1 bepleit Fowler 'n omvattende benadering. Hy verduidelik die benadering deur die belydenis: die Heilige Skrif is die Woord van God, te handhaaf. As Woord van God is die Heilige Skrif God se openbaring. God openbaar Hom, gaan hy voort, in en deur die kreatuurlike werklikheid. Anders gesê: taalmatig. Hiermee doen Fowler reg aan die historiese aard van die Skrif. Hy wys verder op die verhouding tussen die Woord en die Gees. Die Gees bevestig dat die Skrif die Woord van God is. Die teologiese problematiek van die verhouding gaan egter onvermeld verby. Vervolgens gee Fowler aandag aan die skeppings- en ordeningsrol van die Woord. Hoewel die Woord nie met die Heilige Skrif gelykgestel kan word nie, is dit tog nie minder Woord van God as die Heilige Skrif nie. Die rede waarom die mens nie God se skeppingsopenbaring sien nie, wyt Fowler aan die sonde. Dit kom egter nie duidelik genoeg by Fowler aan die lig dat slegs die Skrif openbaring van die heil is nie. Met reg wys Fowler die skolastiese skema van natuur en genade van die hand. Volgens die skema is die natuurlike openbaring vir die rede toeganklik, terwyl die bonatuurlike openbaring deur die genade toeganklik is. Alle openbaring is natuurlik insoverre as wat dit in en deur die skepping gegee is, en alle openbaring is bo-natuurlik insoverre as wat dit deur God gegee is. En Hy kan alleen deur genade geken word.

Fowler verklaar op voetspoor van Frame dat die openbaring in die Heilige Skrif, die wêreld en die mens mekaar veronderstel en aanvul. Fowler is egter bewus van die gevaar dat die openbaringsgesag van die Skrif afgeswak kan word. Daarom verklaar hy dat die natuur as skepping en openbaring slegs deur die Skrif verstaan kan word. Calvyn was reg: die natuur kan slegs deur die bril van die skepping gelees word. Fowler handhaaf die uniekheid van die Skrif en wel op twee maniere: in die eerste plek wys hy op die unieke wyse van kommunikasie (inspirasie). Hy gee egter te min aandag aan die aard van die Skrifinspirasie. Ten tweede wys hy op die unieke funksie van die Skrif. Dit bestaan naamlik in die soteriologiese-, verbondsfunksie van die Skrif. Hy beroep hom op Gen. 1:28 en 2:16–17 om die verbondsfunksie van die Skrif aan te toon. Die beroep kan egter nie gehandhaaf word nie aangesien die verbond eers na die sondeval tot stand gekom het. Die verbond is immers God se genadige greep na sy gevalle skepsel en skepping.

In hoofstuk 2 betoog Fowler dat die Skrifgeworde Woord, die Woordgeordende skepping en die bevryde volk in 'n dinamiese interaksie staan. Ten opsigte van die verstaan van die Skrif moet die volgende voor oë gehou word: alle menslike verstaan is voorlopig; dit is onvolledig en beperk.

Alvorens 'n oorsig oor hoofstukke 3 en 4 volg, is daar eers 'n metodologiese kwessie wat onder die loep moet kom. In dié 2 hoofstukke werk Fowler eers met Skrifgegewens ten opsigte van sekere aspekte voordat hy 'n sistematiese samevatting laat volg. Dit volg vanselfsprekend dat herhaling van gedagtes aan die orde is. Dit sou die saak beter gediën het indien hy sy sistematiese oorsig na afloop van die uiteensetting van die Skrifgegewens oor 'n bepaalde saak laat volg het. Met reg wys Fowler daarop dat die term Woord van God 'n perlemoer-kleurespel van betekenisse het (Opperman). Hy onderskei die volgende Woordgestaltes: die Skeppingswoord, die SkrifgewordeWoord, die profetiese Woord, die geïnkarnearde Woord en die verlossingswoord. Fowler verklaar uitdruklik dat daar nie verskillende Woorde van God is nie, maar dat die een onskeibare Woord van God aktief is in die lewe van die mens en die wêreld.

In hoofstuk 4 handel Fowler oor God se profetiese Woord aan die mens. Dit gaan nie vir hom om die formele vraag omtrent die Skrif nie, maar om die funksionering van die Skrif as Woord van God in die mens se lewe. Fowler onderskei die volgende sake: Die Skrif is die goddelike getuigenis van God se woorde en dade. Fowler bly egter in gebrek om die verhouding tussen God se woorde en dade en die mens se woorde en dade op te klaar. Volgens Fowler was die Seun van God by die skepping en tydens die mens se opstand reddend werksaam. Die Ou Testament lewer egter 'n ander getuigenis: die reddende God was in die Ou Testament reddend werksaam. In die Ou Testament tref ons doodgewoon nie 'n

onderskeid tussen die drie goddelike Persone aan nie. Fowler wys daarop dat die Skrif 'n getuigenis van God se werksaamheid in die konkrete situasies van die mens se lewe in die wêreld is. Hy dui ook aan dat daar geen spanning tussen die Wet en die genade in die Skrif bestaan nie. Met reg wys hy op die gevaar van selektiewe gehoorsaamheid wat die gesag van die Skrif afswak. Die Skrif is nie 'n wetenskaplike teksboek, 'n reëlboek of 'n ensiklopedie van kennis nie. Maar dit is God se Woord in mensewoorde — die Woord wat God se heil verkondig en aankondig.

Fowler betuig hom as 'n waardige gespreksgenoot t.o.v. die Skrifvraagstuk. Die lees van sy boek word hartlik aanbeveel.

C J A Vos

C Harinck, *De Schotse verbondsleer — van Robert Rollock tot Thomas Boston*, De Banier, Utrecht 1986, 223 pp. Prys 45 gulden.

In hierdie resensie sou ek graag wou onderskei tussen stof, metode, en formele aanbieding. Wat die **stof** betref, word 'n baie belangrike saak behandel: die verbondsleer. Die feit dat die ontwikkeling in Skotland gekies word, maak dit baie interessant omdat die NGK sterk bande met Skotland het (o.a. die vroeë Murray-predikante) en tog baie min van die Skotse kerk en teologie weet. Die belangrikste teoloë wat behandel word, is Rollock, Cameron, Baxter, Rutherford en Boston. Die ontwikkeling in Skotland word goed in verband gebring met die Calvinisme in Europa, en baie interessante historiese lyne word getrek. Dit is opvallend hoe nou die ontwikkeling in Skotland aan dié in Nederland verbonde is. Die skrywer kan sonder moeite van een land na die ander oorslaan, en veral die ontwikkelinge in die Geref Kerken in die vorige eeu, en dié in die Geref Gemeenten en die Christelik Gereformeerde Kerken in hierdie eeu, by die Skotse ontwikkelinge betrek. Wat die **stof** betref, is dit werklik die moeite werd om die boek te lees.

Wat die **metode** betref, staan die skrywer duidelik self op die standpunte van die latere, skolastieke ontwikkelinge in die verbondsleer. Hy toon nie enige invloed van latere ontwikkelinge in die Gereformeerde teologie of moderne eksegetiese metodes of resultate nie. Hy werk self nog met absolute teenstellings en volgens 'n sterk apologetiese en selfs polemiese metode. Dit beteken dat hy nie probeer om die problematiek verder te ontwikkel as waar dit reeds vroeg in hierdie eeu gestaan het. Vir 'n suiwer historiese studie sou dit moontlik 'n sterk aanbeveling gewees het. Die outeur het egter 'n sterk dogmatiese aanpak, en dit beteken dat sy metode sy behandeling van die stof minder opwindend maak.

Die **formele** aanbieding is baie netjies en korrek, behalwe dat daar vreemde verskille is tussen die opskrifte in die teks self, en die inhoudsopgawe wat dit baie moeilik maak om in die **teks** te bepaal of 'n mens met 'n groot nuwe saak of 'n klein nuwe onderafdeling te doen het. Daarvoor moet 'n mens dan telkens na die inhoudsopgawe terugblaai.

A König

C F A Borchardt (red.), *Die Eenheid van die kerk van Christus*, NG Kerkboekhandel, Transvaal, Pretoria 1987, (Universiteit Pretoria Teologiese Studies 3) 73 pp. Prys R8,50.

Die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding van die Fakulteit Teologie van die NG Kerk aan UP het op 11 en 12 Augustus 1986 'n aktualiteitskursus aangebied oor die eenheid van die kerk.

In hierdie boekie word die vyf referate gepubliseer wat tydens hierdie kursus gelewer

is. Prof P B van der Watt: Eenheid in die Afrikaanse kerke. Prof J A Heyns: Eenheid in 'n internasionale perspektief: isolasie deurbreek?! Prof T van der Walt: Die eenheid van die kerk van Christus in Suid-Afrikaanse perspektief. Prof W D Jonker: Die eenheid van die kerk — noodsaak of luukse? Prof D J Bosch: Eenheid binne die 'familie' van Nederduitse Gereformeerde Kerke — waarheen?

Prof V d Watt gee interessante historiese gegewens oor die ontstaan van die drie Afrikaanse Kerke. Sy groot bydrae lê egter daaraan dat hy werklik **teologiese** vrae vra, en uiteindelik konkludeer dat daar ernstige besware is teen die huidige bestaan van drie kerke met dieselfde belydenis en binne dieselfde volk. Prof V d Watt het sterk argumente teen die huiwering en selfs teenstand van die Ned. Hervormde Kerk teen kerkvereniging. Hy is oortuig dat die verskille tussen kerke, soos dit o.a. na vore kom in die Tussenkerklike Kommissie, "hoogstens 'n debat tussen teoloë is en sekerlik toelaatbaar is binne die gereformeerde kerklike lewe" (p 11).

Prof J A Heyns behandel die plek van die NG Kerk in die wêreldwye kerklike gemeenskap. Hy gee kortliks aandag aan die geskiedenis van ons isolasie sedert 1948, gee 'n nugtere samevatting van die kritiek teen ons, en noem die huidige situasie 'diep tragies' en "n vlammende aanklag teen ons" (p 15). Wat die pad vorentoe betref, pleit hy daarvoor dat ons die kritiek van ander kerke ernstig moet neem en tenminste nie die band met die GES moet verbreek nie (wat toe inderdaad nie gedoen is deur die Algemene Sinode in Okt 1986 in Kaapstad nie). Hy lê egter die groot nadruk op selfondersoek en 'n oorwinning van die teologiese impasse waarin ons ons bevind, sodat ons ons o.a. van ons politieke vooringenomenhede kan suiwer ten einde onbevange te kan luister na Gods woord (pp 20—1).

Prof T van der Walt (Rektor, Potchefstroom) behandel die eenheid van die kerk in Suid-Afrika. Hy ontwikkel sterk sieninge oor die Bybelse eenheidsbegrip, o.a. dat die eenheid van die kerk op die eenheid van God self gebou is en daarom 'n sigbare eenheid moet wees, dat die NT nie so iets soos 'n onsigbare kerk ken nie (pp 23—6). Hy beklemtoon die verskeidenheid in die kerk as 'n verskeidenheid in die eenheid en nie ten koste van die eenheid nie (pp 28 e.v.). Uiteindelik pleit hy vir 'n meer funksionele en minder strukturele benadering van die eenheid (p 36). Hy bedoel dat ons eerder as Christene ons eenheid en gemeenskap met mekaar moet probeer ervaar en beleef — met die hoop dat ons daardeur nader aan mekaar sal groei sodat groter strukturele eenheid uiteindelik as 'n resultaat van ons spontane gemeenskap sal ontwikkel.

Prof W D Jonker lewer 'n kragtige pleidooi dat kerkeenheid 'n noodsaak is en nie bloot 'n luukse nie. Hy onderskei tussen die **gegewe** eenheid in Christus (wat as indikatief vanselfsprekend is) en die eenheid soos dit dan in die lewe van die kerk gestalte moet kry (wat 'n imperatief is). Hy toon aan hoe inkonsekwent die standpunt is dat net die geestelike, onsigbare eenheid belangrik is, en dat die sigbare kerk maar verdeeld kan wees. As Christus vir die eenheid van die kerk bid, en as Paulus dringend vermaan dat die kerk een moet wees, kan dit tog nie op die gegewe, onsigbare eenheid betrekking hê nie. As daar partyskappe en skeuring in Korinte dreig, skryf Paulus dit aan die gelowiges se **wêreldse** gesindheid toe — verre daarvan dat hy hulle aanraai om maar die probleem op te los deur twee of meer kerke te vorm. Wanneer Jonker uiteindelik organisatoriese eenheid behandel, gebruik hy die Gereformeerde begrip 'kerkverband' om te onderskei tussen die katolieke en die gereformeerde eenheidsbegrippe. Sy punt is dat dit nie vir die Reformatore minder om eenheid gegaan het as vir die Katolieke nie, maar om 'n afwysing van die hiërargiese struktuur van Rome se eenheid (p 43). Hy wys op die groot nadeel wat die aparte kerke vir verskillende bevolkingsgroepe meegebring het en stel die eenheid binne die NG Kerkfamilie as 'n dringende noodsaak (p 44).

Prof D J Bosch behandel dan die eenheid van hierdie familie van NG Kerke. Hy bied 'n besonder insiggewende oorsig oor hoe ons by die huidige verdeeldheid gekom het — die afgelepe eeu en 'n kwart. Dit skok 'n mens tot in jou tone om die argumente van eerbied-

waardige teoloë vir apartheid in kerk en staat te lees: (J D du Toit (Totius), E P Groenewald, J H Kritzinger (wat gelukkig intussen radikaal van standpunt verander het). Hy behandel die ontwikkeling van die gedagte van die pluriformiteit van die kerk (F J M Potgieter) en die ondersteuning van die Duitse volksromantiek vir apartheid. Dis aangrypend om weer te lees hoe teoloë wat die Bybelse siening van die eenheid beklemtoon het (J A van Wyk, B J Marais e.a.) as 'Rooms' en liberalisties afgemaak is, terwyl dit juis die aparte kerke-gedagte is wat uit die liberalisme en humanisme van die 19e eeu ontwikkel het. Bosch wil hom nie self uitspreek oor presies hoe die eenheid in die NG Kerkfamilie uiteindelik behoort te lyk nie, omdat hy oortuig is dat dit moet groei uit 'n **saamsoek** in die kerke.

In die geheel gesien, is dit 'n boekie wat oor en oor die moeite werd is om te lees, veral nou ná die sinode waartydens die NG Kerk betekenisvolle vordering gemaak het in sy **denke** oor eenheid (al is dit ongelukkig nog nie veel sigbaar in die kerklike praktyk nie) — 'n vordering wat tans deur allerlei politiek-geïnspireerde groepe beveg word.

A König

J A Heyns, *Teologiese etiek, Deel 2/1: Sosiale Etiek*, NG Kerkboekhandel, Transvaal, Pretoria 1986, 452 pp. Prys R25,75.

Die lees van hierdie boek laat 'n mens onmiddellik weer besef waarom die skrywer so 'n gevierde en dikwels bekroonde akademikus is. Saam met sy ander publikasies sal ook hierdie werk ongetwyfeld van groot waarde wees vir die ontwikkeling van die gereformeerde teologie in ons land. 'n Mens kan nie help nie om diep dankbaar te wees vir die talente wat aan hom toevertrou is. Hy is 'n buitengewoon vrugbare en oorspronklike denker wat oor 'n verbysterende werkvermoë beskik, en die resultaat daarvan lê nou andermaal voor ons in die vorm van 'n formidabele publikasie wat beide in omvang, opset en inhoud 'n groot werk is. Die opdrag, naamlik om 'n kritiese evaluasie hieroor te skryf, lyk vir my amper moeiliker as om die boek self te skryf!

As 'n vertrekpunt sou 'n mens kon sê dat dit vir 'n beoordeling van hierdie teologiese etiek noodsaaklik is om dit in samehang met die eerste band te lees. Die skrywer self wys trouens telkens terug na die eerste prinsipiële gedeelte, en ter wille van die oriëntering is daar selfs herhaling. Die besondere krag van sy hele etiek sal ongetwyfeld in hierdie prinsipiële besinning gesoek moet word. Hy is naamlik 'n streng sistematiese denker vir wie die filosofies-prinsipiële onderbou van die grootste belang is. Die resultaat daarvan is 'n stewige en goed saamgevoegde struktuur wat sjablonies in die verdere praktiese afdeling van sy etiek figureer. Vir die leser sal dit dan ook 'n belangrike keuse veronderstel: aanvaar hy hierdie struktuur sal hy weinig probleme verderaan ondervind met wat in die praktiese gedeeltes voorkom. In die breëre opset is dit 'n vraag of almal wat hulle met die etiek besig hou dit wel sal aanvaar. Vir die skrywer self sal dit egter waarskynlik nie 'n probleem wees nie, aangesien die bewyslas dan op die beswaardes sal rus om aan te toon waar, en in hoeverre sy basiese struktuur foutief is.

Hierdie bundel begin egter self weer eens met 'n uitgebreide formele gedeelte waarin die filosofies-prinsipiële grondstruktuur van 'n sosiale etiek uiteengesit word. Die grondslag van 'n sosiale etiek is vir die skrywer naamlik geleë in 'n prinsipiële samelewingsleer. Dit is dan ook in hierdie afdeling dat die skrywer in sy element is: met 'n baie delikate wysgerigte ontledmes word talle onderskeidings en sub-onderskeidings aangebring wat in die geheel van die werk soms wel 'n selfstandige karakter aanneem (in soverre dit nie weer funksioneer in die praktiese gedeelte nie), maar desnietemin baie insiggewend is. Teologies gesproke staan die bestemming van die samelewingsverbande sentraal, naamlik die koninkryk van God, en in hierdie verband word voorts gehandel oor die ontarding en

herstel van die verskillende verbande. Seker meer as enige ander etikus ontwikkel Heyns hier panoramiese perspektiewe wat aan die ganse werk 'n treffende doelgerigtheid, belyning en integriteit besorg.

Met die formele struktuur en begronding as vertrekpunt word dan werklik vir die eerste keer in die Afrikaanse taalgebied 'n omvattende teologiese sosiale etiek tot stand gebring. Nadat die skrywer 'n aantal norme vir die sosiaal-etiese lewe in die samelewingsverbande bespreek het, kom agtereenvolgens die huwelik, die gesin en kultuur ter sprake. Die grootste deel van die boek word aan laasgenoemde gewy. Weer eens begin die skrywer hier met 'n omvattende wysgerige analise van die begrip kultuur waarna hy sake soos arbeid, tegniek, wetenskap, kuns, kommunikasie-media en ontspanning behandel.

Dit alles word aangebied in 'n taal en styl wat onmiskenbaar "Heyns" is. Met 'n flinke woordvaardigheid, ekonomiese formuleringe en frase- en woordskepping word sy gedagtes vars en helder voorgesit. Hy beskik oor die vermoë om ter wille van presiesheid van 'n bepaalde saak 'n afgeronde begrip daar te stel, waarby begrip natuurlik nie as 'n enkele woord verstaan hoef te word nie. Dit lei soms uiteraard tot ineengeskuifde formuleringe wat nie met die eerste lees daarvan dadelik deur iedereen begryp sal word nie — daar is inderdaad moeilike gedeeltes, veral vir diegene met minder wysgerige agtergrond — maar dit lei baie dikwels ook tot pragtige en selfs aangrypende formuleringe.

Daar is natuurlik in so 'n groot werk ook heelwat waaroor die debat nie afgesluit is nie. Reeds ten opsigte van die begrippe etiek, etiese, moraal en sedelikheid is daar bepaalde probleme, tesame met die feit dat hierdie begrippe in die gewone spraakgebruik nooit konsekwent gebruik word nie, soos trouens ook deurgaans in hierdie boek. Dit is 'n vraag of die term etiek nie in die eerste plek te make behoort te hê met die wetenskaplike bestudering van die verskynsel van die sedelike nie (vgl. die teologiese ensiklopedie), waarby moraal dan kan dui op die heersende of feitelike toestand op sedelike gebied. Die sedelike dui dan op die ganse terrein van menslike handeling wat onder die noemer van goed of kwaad tuisgebring kan word (en nie slegs op seksuele terrein nie). Nie alleen die uitspraak "die etiese is persoonsbehandeling" (p. 1) nie, maar ook die konkrete inhoud van hierdie definisie sou dan beslis anders geformuleer moet word. Die verwysing na "eties goed" of "eties sleg" sou dan ook nie aanvaarbaar wees nie, terwyl 'n begrip oneties in die lig van die definisie van etiek as die wetenskap van die sedelike ook verwarrend is, in dieselfde kategorie dan as on-biologies, on-wiskundig, ens. "Sedelik goed" en "sedelik sleg" sou nader aan die korrekte benaming wees. Per slot van rekening bly dit natuurlik 'n vraag of die ge-ykte gebruik van terme in die volksmond maklik verander kan word (vgl. maar die jarelange stryd om die begrippe massa en gewig!). Dit is egter 'n ander saak wanneer dit om 'n wetenskaplike verhandeling gaan.

In sy behandeling van die verskillende hoofstukke kies die skrywer soos reeds gesê daarvoor om meestal van 'n wysgerige ontleding van die saak uit te gaan. Dit is eenvoudig deel van sy werkswyse en in die meeste gevalle is dit dan ook werklik noodsaaklik. In elk geval voorsien dit die skrywer van die begrippe en onderskeidings waarmee die betrokke veld benader kan word. Dit bly egter waar dat dit in die eerste plek en in hoofsaak 'n wysgerige benaderingsmodel is wat onder 'n breë teologiese perspektief gestel word. Daarom is dit noodsaaklik vir die skrywer om homself te vrywaar van die beskuldigings van onder andere 'n natuurlike teologie. In hierdie verband bied sy teologiese metode juis aan hom die geleentheid om die kwessie van die betekenis van die skepping, en wat hy noem die voorsienigheidswoord van God, vir die konkrete etiek ter tafel te bring. In die lig van die voortdurende bedreiging van 'n natuurlike teologie wat te veel wil maak van die skepping, en die reaksie daarop wat weer te min daarvan wil maak, skryf Heyns verhelderend oor die "normatiewe aansprake" van die kreatuurlike werklikheid (p. 21 ev). Dit is juis ten opsigte van die etiek dat 'n suiwer posisiebepaling oor hierdie saak ontsaglik belangrik geword het. Daarmee hang naamlik saam nie alleen die eiesoortigheid van die christelike etiek nie, maar

ook die bestaansreg van 'n teologiese of christelike etiek.

Dit het in 'n belangrike mate te make met die feit dat die sentrale koninkryksbeginsel funksioneer as onder andere die normatiewe referensie- en interpretasiekader van die etiek (p. 39). Oor die algemene karakter van die koninkryk bied Heyns dan 'n bespreking wat sy teoretiese besinning tot dusver plaas reg binne die arena van die daaglikse lewe in die spanning van die keuses tussen goed en kwaad. Dit staan in die teken van die beslissende en konkrete verbande van wat 'n koninkrykslewe genoem kan word. Hierdie gedeeltes moet as van die beste in sy boek aangemerkt word, tesame met sy bespreking van die norme vir die sosiaal-etiese lewe in die samelewingsverbande.

Vanaf hoofstuk 6 kom die konkrete en praktiese behandeling van die samelewingsverbande van huwelik, gesin en kultuur ter sprake. Hierdie gedeeltes, wat ook kwantitatief byna drie-kwart van die boek beslaan, bevat soos te verwagte is van ons skrywer 'n diepsinnige en waardevolle bespreking van die verskillende sake. Etiek in Suid-Afrika sal na dese nie weer dieselfde wees nie.

Terselfdertyd dwing die skrywer self ons tot 'n eerlike verskil op sommige punte. Om selfs net dit te sê is al vir hierdie resensent baie moeilik — nie alleen vanweë die sterk en jarelange vriendskap nie, maar ook vanweë die groot agting en respek wat die skrywer geniet. Hy self maak dit egter nie alleen moontlik nie, maar ook noodsaaklik: op p. 117 skryf hy naamlik dat die waarheid-in-liefde eis dat ons nie sal terugdeins om "aan te spreek, te vermaan, te kritiseer en as dit moet, te bestraf nie", en verder: "vriende sal nie bevoordeel word net omdat hulle vriende is nie"! Hierdie omslagtige motivering laat dit egter nou ook al weer baie erger klink as wat dit werklik is: dit gaan alleen maar om 'n paar punte waaroor die debat nog verder sal moet gaan.

Oor die oorsprong van die huwelik en die religieus-etiese dimensie daarvan skryf hy pragtige dinge, maar wanneer hy 'n omskrywing van die huwelik gee (p. 135) duik die vraag onwillekeurig op of 'n huwelik tussen mense wat nie geestelik volwasse is nie of mekaar nie aanvul nie, om daardie redes dan nie langer as 'n huwelik beskou moet word nie. Dit is natuurlik 'n ander saak as hy dit nie as 'n omskrywing nie, maar as 'n ideaal-omskrywing sien, wat ek tog wel vermoed. Hierdie probleem duik ook op by ander definisies, bv. die van 'n gesin (bl. 193) en arbeid (bl. 250).

Daar is ten opsigte van die huweliksetiek in hierdie boek nog wel ander ondergeskikte kwessies waaroor 'n gesprek gevoer sou kon word (bv. die onderskeid tussen seksualiteit en geslagtelikheid en die stelling dat die fisies-seksuele voor die sondeval 'n "ondergeskikte" plek sou vervul), asook positief oor die diepsinnige, omvattende en uiters verhelderende gedeeltes oor huwelik en seksualiteit — geen etiek sal hierdie gedeelte kan ignoreer nie —, maar die ruimte is hier eenvoudig nie beskikbaar nie. Die werklik problematiese vir hierdie resensent is egter die behandeling van egskedding, waar die skrywer inderdaad sê dat dit nie God se wil is nie, maar óók dat die Skrif tog daarvoor "voorsiening maak" as God se "genadige noodordening" (p. 169 ev). Dit moet sonder meer as ongelukkige beskrywing gesien word van 'n saak wat met behoud van die inhoud veel beter gesê sal moet word, juis ook ter wille van die diepgrypande eties-pastorale gebeure waarop dit dui. Dit is egter veral die bespreking van die hertrou van geskeides (wat selfs as heilsordening beskryf word) wat groot vraagtekens oproep — hierdie gedeelte vra inderdaad na 'n grondige herbesinning oor die skuld-faktor, oor die "gronde" wat hier miskien te maklik weer ingevoer word nadat dit vroeër reeds prinsipiële afgewys was, en oor die hantering van genade en vergifnis. Ten slotte: wat bedoel is as troos vir die ongetroude, naamlik dat hy/sy prolepties lewe onder die gebooe van die nuwe wêreld, kan tog baie maklik misverstaan word as 'n beter en hoër trap van christelike lewe: is dit werklik so bedoel? (p. 174)

In die sin- en inhoudvolle behandeling van die gesinsverband word weer eens die nodige onderskeidings aangebring, hoewel dit 'n vraag is of die onderskeiding tussen gesin en huwelik nie soms te skerp deurgetrek word nie. Dit is dan ook die geval met die onder-

skeiding tussen die gesin en ander samelewingsverbande. Op p. 192 word dit baie sterk gestel, so sterk dat die stelling oor die verbande wat daar wel bestaan (p. 195) logies nie heeltemal bymekaar aansluit nie. Wat egter verderaan oor kinders, gesinsbeplanning, kunsmatige inseminasie, kinders en ouers, opvoeding ens. gesê word, getuig van die skrywer se etiese vakmanskap en insig. In die lig van hierdie hoogstaande afdelings kom die behandeling van aborsie ongelukkig as 'n teleurstelling. Nadat hy prinsipiële 'n baie sterk bewoorde standpunt geformuleer het (p. 215) wat in beginsel die problematiese van die sogenaamde indikasies moes aantoon, gaan hy tog sover om dit wel te gebruik. Hiermee verval hy in die ou dilemmas wat al so oorvloediglik as eties ontoereikend uitgewys is en eindig hy net te gemaklik met praktiese konklusies wat baie moeilik met sy prinsipiële standpunt versoen kan word. Die diepte-dimensie van worsteling en gebed deur berou en vergifnis heen sonder die skild van verskonende indikasies ontbreek hier geheel en al.

'n Werklik indrukwekkende stuk werk is sy behandeling van kultuur. 'n Mens voel dat minstens die inleidende gedeelte daarvan verpligte leesstof vir alle studente behoort te wees. Daarna behandel hy as gestaltes van kultuur arbeid, tegniek, wetenskap, kuns, kommunikasie-media en ontspanning. In hierdie gedeeltes verskyn telkens die elemente van die skrywer se onderliggende kultuurfilosofie en kultuurkritiek, wat beide in die lig van die bestemming van alle samelewingsverbande, naamlik die Koninkryk, gelees moet word. Op hierdie wyse word die aard, doel en funksie van elke saak gestel teenoor die ontwrigting van die sonde. Hieronder verskyn talle sake wat 'n mens graag onder die aandag sou wou bring — waarvoor die ruimte egter ongelukkig nie beskikbaar is nie. Tog moet met klem gewys word op die indringende bespreking van die arbeidsetiek as geheel en die opmerkinge oor die wetenskap. Veral laasgenoemde en met name dan die verwysing na die verwaarloos van die etiese aspek van elke wetenskap (p. 301) is eweneens stof wat vir elke student en navorser verpligte leesstof behoort te wees. In hierdie verband sou hierdie resensent graag wou sien dat elke mediese student verplig moet word om 'n slaagpunt te verwef oor die afdeling Mediese Etiek in hierdie boek. Maar miskien het die ontmitologisering van die doktersberoep nog nie ver genoeg gevorder nie! Om dieselfde redes sou 'n mens wou sien dat regstudente die stuk oor die Regsetiek slaag, kunsstudente die stuk oor die Kuns ens.

Een van die dinge wat sterk opval in hierdie boek is die presiesheid van formulering en sisteem. Tog het daar hier en daar iets deurgelip wat die skrywer self, meen ek, by die herlees sou wou verbeter. Een van die belangrike sake wat bv. in Brittanje geïdentifiseer is ten opsigte van hulle seksueel-etiese probleme is die onhoudbaarheid en selfs gevare van blote seksuele voorligting, soveel so dat die begrip self volledig in diskrediet geraak het, en daar veel eerder van seksuele opvoeding gepraat moet word. In hierdie lig laat die argelose gebruik van die woorde "seksuele voorligting" 'n mens net so bietjie ongemaklik voel. 'n Ander voorbeeld: die stelling dat dit selfs natuurliker is om te sterf as om gebore te word (p. 315) kan tot groot misverstand aanleiding gee oor God se skeppingsbedoeling met die mens, veral as net op die vorige bladsy beweer word dat die dood nie 'n natuurlike verskynsel is nie. Daarby is dit ook 'n vraag of die Rooms Katolieke leerstuk van die onbedoelde dubbele effek so maklik oorgeneem kan word (p. 335). Ten opsigte van spel word 'n stelling gemaak wat beslis nie so aanvaar kan word nie, naamlik dat wie nie speel om te wen nie, speel met 'n verkeerde gesindheid en 'n foutiewe opvatting van spel (p. 399). Is dit ook hoe 'n oupa met sy eenjarige kleinkind speel?

Ten slotte: die noukeurigheid en byna matematiese presisie van analise en formulering hou natuurlik 'n bepaalde gevaar in, naamlik dat die geheel van die werk 'n sterk kliniese en gedistansieerde karakter kan aanneem. So iets sou nie sonder meer van hierdie hele werk gesê kon word nie. Tog is dit soms by die lees van bepaalde gedeeltes (soos bv. aborsie en egskeding) 'n wesenlike behoefte dat daar iets meer van 'n persoonlike, bewoë en pastorale dimensie na vore sal kom, 'n dimensie wat tog ook die dilemmas,

radeloosheid, wanhoop, skuld en ander belewings kan weerspieël. Vir beide etiek en etikus is dit lewensnoodsaaklik, juis ter wille van die inhoud van die saak wat op die spel is.

Wat die formele sy betref is daar 'n klompie spel-, tik-, en/of setfoute (bv. op p. 77, 93, 129, 146, 147, 182, 210, ens), maar in die algemeen is dit 'n werk wat baie keurig en presies versorg is.

Aan die einde van hierdie omvattende etiek sit 'n mens terug met 'n aangename weldadigheid. Dis goeie werk, die werk van 'n meester en vakman; maar ook met dankbaarheid omdat ons uiteindelik werklik iets substansieels op tafel het. Dit voorsien nie alleen in 'n groot behoefte nie, maar open ook aantreklike en opwindende moontlikhede vir verdere studie en navorsing, en laasgenoemde is tog werklik 'n teken van 'n groot werk. Dit is dan ook nie net blote vriendelikeheid om te sê dat daar met groot afwagting uitgesien word na die volgende aflewering nie.

D A du Toit

H F Stander, *Die besondere gawes van die Heilige Gees in die eerste vier eeue n.C.*, Didaskalia Uitgewers, Pretoria 1986, 96 pp. Prys R7,99.

Hierdie werk van die hand van 'n dosent in die Departement Grieks aan die Universiteit van Pretoria, is 'n populêre weergawe van sy proefskrif vir die D.Litt.-graad wat hy in 1985 behaal het.

Die outeur behandel in hoofstuk 1 verskillende moderne uitsprake oor die voorkoms van die besondere gawes in die vroeg-christelike kerk. Menings daaroor verskil want terwyl sommige navorsers meen dat die bonatuurlike gawes nog steeds in die vyfde eeu n.C. bestaan het, is ander navorsers van mening dat die gawes opgehou het om te bestaan selfs nog voor die einde van die Nuwe-Testamentiese tyd. Stander toon ook aan hoedat navorsers bloot van mekaar afskryf sonder om die bronne te kontroleer en dat in enkele gevalle die tekste waarna verwys word selfs nie in die betrokke Kerkvader se werke voorkom nie. Soms haal moderne skrywers net 'n sinnetjie uit 'n Kerkvader se geskrif aan om sy eie vooropgesette mening te staaf, terwyl verdaan in dieselfde paragraaf van die Kerkvader se werk net die teenoorgestelde gesê word. Daar word ook baie met die *argumentum e silentio* gewerk maar, soos Stander aantoon, sou mens volgens hierdie manier van redenasie ook kon sê dat die nagmaal nie meer bestaan het toe die latere boeke van die Nuwe Testament geskryf is nie omdat dit nie daarin vermeld word nie!

In die tweede hoofstuk wys die outeur kortliks op die bronne vir die geskiedenis van die vroeg-christelike kerk. Hy beperk homself tot die geskrifte voor die jaar 325 n.C. Verder het hy ook die Apokriewe Boeke uitgesluit omdat hulle nie deur die teoloë van die vroeë kerk hoog aangeskryf is nie. Die gawes wat hy in sy ondersoek onder die term besondere gawes behandel, is spreek in tale, uitleg van tale, Goddelike genesing, doen van allerhande wonderdade, profesie, onderskeiding van geeste, visioene en eksorsisme. Hy gee toe dat dit nie al die gawes insluit nie maar dit bevat wel al die kontroversiële gawes wat algemeen in charismatiese bewegings voorkom en vandag hewig onder bespreking is.

Vanaf hoofstuk 3 tot 14 behandel hy agtereenvolgens die Apostoliese Vaders, Quadratus, Justinus, Tatianus, Irenaeus, Origenes, Montanisme, Tertullianus, Clemens van Alexandrië, Hippolytus, Novatianus en Eusebius. Telkens skets Stander kortliks die agtergrond van die betrokke skrywer en sy geskrifte en daarna behandel hy die betrokke passasies en lewer sy kommentaar. Hy wys op verskillende vertalingsmoontlikhede en interpretasies. Hy behandel slegs die skrywers wat na besondere gawes verwys het.

In sy laaste hoofstuk kom hy tot die gevolgtrekking dat die meer ongewone gawes nie opgehou het om te funksioneer in die era na die Nuwe Testament nie. Daar moet ook in

gedagte gehou word dat die bonatuurlike gawes nooit 'n probleem was vir die vroeë Christene nie en die Kerkvaders het oor ander sake geskryf wat meer kontroversieel in hul tyd was. Die besondere gawes van die Heilige Gees is deur die eerste Christene besing en aanvaar sonder dat hulle daarmee op loop gegaan het. Opvallend is dat duiweluitdrying meer as die ander gawes vermeld word omdat baie van die geskifte apologeties van aard was en die heidene meer beïndruk sou wees deur duiweluitdrying as deur byvoorbeeld profesieë. Verder wys die skrywer ook daarop dat in baie passasies waar van duiweluitdrying sprake is, eintlik genesing bedoel word. Ook lyk dit asof daar 'n afname in die voorkoms van bonatuurlike gawes in die na-Nuwe Testamentiese era te bespeur was maar dit is deur die Kerkvaders toegeskryf aan die sondes in die lewens van die gelowiges. Hulle het nooit die argument gebruik dat dit net vir die Nuwe-Testamentiese tye bedoel was nie. Tereg het Stander ook daarop gewys dat die Montanisme nie ontstaan het as gevolg van die afwesigheid van die gawes in die ortodokse kerk nie.

Hier het ons dus in kort bestek alle tekste uit die voor-Niceense geskifte oor hierdie tema wat vandag in verskillende verbande weer opduik. Die skrywer het die tekste goed bekyk, verskillende interpretasies genoem en sy eie vertaling en interpretasie gegee. Groter kundiges as die resesent sal oor sy vertalings uitspraak moet lewer, maar sy gevolgtrekkings lyk my goed gefundeerd en oortuigend. Vir almal wat in die kwessie van die besondere gawes belangstel asook in die geskiedenis van die vroeë kerk, is die lees van hierdie boek onontbeerlik en wie verder op die saak wil ingaan, kan die uitvoerige beredeneringe in die oorspronklike proefskrif nagaan. Ons is dankbaar dat die outeur die bevindinge van sy proefskrif in hierdie uiters lesenswaardige boekie vir 'n wyer publiek beskikbaar gestel het. Dit word hartlik aanbeveel.

C F A Borchardt

I J van Eeden & M Smuts, *Kerkspieël II*. NG Kerkboekhandel, Transvaal, Pretoria 1986, 248 pp. Prys R10,50.

Die resultate van die kerksensus wat deur die Ned Geref Kerk in 1981 onderneem is, is destyds verwerk in 'n publikasie met die titel *Kerkspieël*. Dit is nou opgevolg deur *Kerkspieël II*, waarin die gegewens wat deur die kerksensus van 1985 verkry is, verwerk word. In 'n sensus van hierdie omvang, waarin besonderhede oor nagenoeg 'n halfmiljoen besoekpunte versamel is, word 'n groot hoeveelheid inligting byeengebring. Om egter van werklike waarde te wees, is dit nodig dat die feite geïnterpreteer sal word en die implikasies van die gegewens en tendense wat daarin aan die lig gekom het, uitgewys word.

Dit is presies wat die twee skrywers van *Kerkspieël II* gedoen het. Die feite word onder die volgende hoofde bespreek:

Globale oorsig (waaronder interessante besonderhede in verband met lidmaatgetalle, ouderdomsamestelling, sosio-ekonomiese status van lidmate en kerklike migrasie — d w s oor-en-weer beweeg van lidmate tussen kerke en tussen die NG Kerk en sektes — bespreek word).

Gemeente en erediens.

Ampsbediening: Leraars (waarby sake soos die lading lidmate per predikant, medeleraarskappe, die vraag na en aanbod van predikante en projeksies vir die toekoms aan die orde kom.)

Ampsbediening: Ouderlinge en diakens.

Die vrou in die Ned. Geref. Kerk.

Die jeug van die Ned. Geref. Kerk.

Kerkvervreemding en buitekerklikheid.

Diens van Barmhartigheid.

Terwyl die eerste outeur verantwoordelik was vir die statistiese verwerking en die vertolking van die statistiek, het die tweede skrywer, wat as redakteur opgetree het, op bepaalde punte teologies-kerklike kommentaar bygevoeg, waarin die konsekwensies van die gegewens vir die lewe van die kerk uitgewys word.

Die groot betekenis van 'n publikasie van hierdie aard is dat dit die jongste stand van sake op kerklike gebied ontleed en aan die hand van die mees resente gegewens 'n beeld van die kerk bied soos dit tans daar uitsien.

Uit die aard van die saak is dit nie moontlik om in 'n boekbespreking in besonderhede in te gaan nie. Dit is 'n tydige en belangrike publikasie wat interessante sake aan die lig bring. Die publikasie bied 'n groot hoeveelheid feite wat vir die kerk van belang is. Die skrywers wys daarop dat hulle 'n keuse uit die beskikbare stof moes maak en dat daar nog baie meer temas is wat op bewerking wag.

Die feit dat die boek in sagte band verskyn en in getikte vorm voorberei is, het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die prys daarvan so laag gehou kon word. Vir elkeen wat op hoogte wil bly van nuwere tendense in die NG Kerk, sal *Kerkspieël II* van groot waarde wees.

A J Smuts